
# EDITORIAL

# REDAKSIONEEL



We greet you with this, our final copy of the **CL** for 2009. You will notice that we have combined the last two issues of the year in a desperate attempt to make up for lost time. We thus present you with a bumper issue as closure to what has been an extremely disruptive year and again offer our apologies for the delays.

We start off with one of our favourite correspondents, Professor Shirley Kossick, who provides insight into the character of Dora Taylor who won the 2008 South African Literary Posthumous Award. Taylor, whose ever-consuming passion to fight for human rights for all in South Africa eventually led to her exile.

Yet another prolific and often controversial author, Antjie Krog, is under discussion by Dr Francois Verster. Her latest release, **Ons ongehoorde soort**, once again elicited mixed feelings but also huge compliments by equally well-known author Joan Hambidge, when during a book discussion she labelled Krog South Africa's court poet.

The annual IFLA (International Federal Library Association) Congress for 2009 hosted by Italy was attended by two of our assistant directors, Neville Adonis and Steven Andries. Read their take on some of the papers delivered as part of the general theme, *Libraries create futures: building on cultural heritage*.

Young people invariably have issues that affect their lives. These range from abuse, adoption, bullying and cults to death, divorce and many others. In her article, *Recent issue-driven fiction for young people,* Book Selector Johanna de Beer has compiled an extensive book list dealing with a wide variety of topics – a very useful guide for librarians who are often confronted with questions relating to these topics.

We normally provide our readers with display ideas but public library staff in the Swellendam Region excelled themselves last year with the most innovative displays. We decided to devote a few pages to their region. A truly remarkable effort.

Happy displaying!

Ons groet u almal met ons laaste **KB** vir 2009. U sal merk dat ons die laaste twee uitgawes gekombineer het in 'n desperate poging om verlore tyd in te haal. Ons bied u dus 'n uitgawe propvol artikels wat 'meer om die lyf' het as gewoonlik om te vergoed vir die omwentelinge in 2009.

Ons skop af met 'n artikel deur een van ons geliefkoosde korrespondente, Professor Shirley Kossick, wat lesers 'n kykie in die lewe van Dora Taylor gee. Taylor, wat die Suid-Afrikaanse Postuum Literêre Toekenning vir 2008 ontvang het, se oorheersende passie in haar stryd om menseregte vir almal in Suid-Afrika, het destyds daartoe gelei dat sy die land moes verlaat.

Steeds by skrywers kyk ons na Antjie Krog en haar soms kontroversiële publikasies. Dr Francois Verster vertel van 'n boekbespreking deur die befaamde Joan Hambidge wat Krog as Suid-Afrika se hofdigter beskryf het tydens haar gesprek oor die veelbesproke digter se jongste titel, **Ons ongehoorde soort**.

Die jaarlikse 2009 IFLA (Internasionale Federale Biblioteekvereniging) Kongres wat vanjaar deur Italië aangebied is, is deur twee van die Diens se assistentdirekteure, Neville Adonis en Steven Andries bygewoon. Lees hulle terugvoering oor hul keuse van bywoning van aanbiedings in die lig van die tema, *Libraries create futures: building on cultural heritage*.

Die gemoedstoestand van jongmense word dikwels beïnvloed deur daaglikse gebeure wat rondom hulle plaasvind. Aspekte soos mishandeling, aanneming, afknouery, kultusse, die dood, egskeiding en talle ander aspekte het 'n wesenlike uitwerking op jong mense se gemoedere. In haar artikel, *Recent issue-driven fiction for young people*, verskaf Boekkeurder Johanna de Beer 'n uitgebreide boeklys wat 'n verskeidenheid onderwerpe in hierdie veld dek. Bibliotekarisse wat dikwels met hierdie netelige onderwerpsvrae gekonfronteer word, sal die artikel van groot waarde vind.

Ons publiseer normaalweg uitstalwenke vir ons lesers en soms 'n paar foto's van ander biblioteke se uitstallings, maar nog nooit het ons so 'n uitgebreide versameling van 'n hele streek ontvang soos dié van Swellendamstreek nie. Ons het dus besluit dit verdien spesiale erkenning en bibliotekarisse in ander gebiede mag dalk goeie wenke raakloop.

Stal lekker uit!

*Grizéll*


*Editor • Redakteur*
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

*Layout / Photography*
*Uitleg / Fotografie*
Olivia Peach

*Administration and Advertising*
*Administrasie en Advertensies*
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

*Web site • Webtuiste*
www.capegateway.gov.za/library

*E-mail • E-pos*
capelib@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

*Address • Adres*
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

*Indexed in • Geïndekseer in*
LISA (Library and Information Science Abstracts)

*Reproduction and Printing*
*Reproduksie en Drukwerk*
Amazon Media

*Cover design • Omslagontwerp*
Zu©i Mopani



© Library Service © Biblioteekdiens



SA ISSN 0 008 5790


***Editorial policy***

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

***Redaksionele beleid***

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn tweemaandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.


Department of Cultural Affairs and Sport
Departement van Kultuursake en Sport